

2024 - 2025

SOMER- GRAAN

oesreëlings



vkb

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.vkb.co.za   

Die standaard graanhanterings- en opbergingsvoorwaardes is van toepassing op alle lewerings en opberging van graan in VKB-silo's en bunkers en is by alle silo's, VKB Hoofkantoor en op VKB se webwerf beskikbaar. Maak asseblief seker u dra kennis van die inhoud daarvan aangesien dit die ooreenkoms tussen u en VKB daarstel.

MIELIE- EN SORGHUMTARIEWE



Die tariewe vir die 2024/25-oesjaar is soos volg: Die seisoentarief is vooraf betaalbaar. Die plafon-stoortarief en seisoentarief is slegs van toepassing op die eerste jaar van lewering en nie op oordragvoorraad nie. VKB behou die reg voor om hierdie tariewe tussen silo's te differensieer en/of dit gedurende die seisoen te wysig.

TABEL 1: HANTERING- EN OPBERGINGSTARIEWE

Produk	Mielies	Sorghum
Hantering (Rand/ton)	64	64
Dagstoor (Rand/ton/dag)	1.11	1.11
Plafontarief (Rand/ton)	165.54	165.54
Seisoentarief (Rand/ton)	150	150

TABEL 2: DROOGTARIEWE (R/TON)

Vog %	WMAZ	YMAZ
14,1 – 15,0	56	56
15,1 – 16,0	76	76
16,1 – 17,0	106	106
17,1 – 18,0	133	133

Kliënte wat slegs van VKB se droogfasiliteite gebruik maak sonder om die graan fisies te lewer, sal die volle hanteringskoste betaal. Dit word gedoen aangesien VKB die graan fisies hanteer en dieselfde koste daarvoor aangaan as met 'n normale lewering.

TABEL 3: SIFTARIEWE VIR SKADELIKE SADE EN VREEMDE MATERIAAL

Sifaksie	Mielies	Sorghum
Vreemde materiaal (R/ton)	77	77
Skadelike sade vanaf Saad 1 oor toleransie (R/ton)	66	66
Koste per pit oor toleransie (R)	1	1
Maksimum koste (R/ton)	191	191

Indien vragte skoongemaak moet word, sal die produsent, waar die silofasiliteite en bedryfsreëlings dit toelaat, die keuse hê om die sifse terug te neem. Die sifse moet teen sluitingstyd van die leweringdag vanaf die perseel verwyder wees. Indien nie, sal die sifse verbeur word (kontak u silobestuurder in die verband).

Kliënte wat slegs van VKB se sifasiliteite gebruik maak sonder om die graan fisies te lewer, sal ook die volle hanteringskoste betaal. Dit word gedoen aangesien VKB die graan fisies hanteer en dieselfde koste daarvoor aangaan as met 'n normale lewering.

STANDAARD BEDRYFSREËLINGS



Alle graanbergingsfasiliteite beskik oor moderne graderingstoerusting wat deurgaans gebruik sal word. Alle gradering regulasies sal konsekwent by alle bedryfspunte toegepas word. Graderingsapparate is onlangs versien en gekalibreer, en sertifikate is dienooreenkomstig uitgereik deur die diensverskaffer.

HANTERING VAN NAT GRAAN

Die hantering van nat graan en oliesade gaan gepaard met 'n groot risiko, derhalwe sal VKB slegs tot by die volgende maksimum vogpersentasies inneem:

Witmielies	Maksimum vog:	16%	Basisvog:	12.5%
Geelmielies	Maksimum vog:	18%	Basisvog:	12.5%

Lewering van nat graan is onderhewig aan beskikbare spasie. Indien wit- of geelmielies teen 'n vogpersentasie hoër as bogenoemde persentasie gelewer gaan word, kontak asb. voor enige lewerings gedoen word u silobestuurder vir goedkeuring

AFTREKKING VIR HANTERINGSVERLIES

VKB doen 'n standaard aftrekking by mielies en sorghum vir fisiese hanteringsverliese wat tydens die hantering en opberging van die produk kan voorkom:

Mielies	1%
Sorghum	2.3%

ONTVANGSTYE

VKB is verbind tot dienslewering en sal poog om u sover moontlik by te staan in die suksesvolle insameling van u oes. Ontvangstye sal volgens leweringsaanbod bepaal word en deur die silobestuurder met die produsente ooreengekom word. Skakel gerus met u silobestuurder of Johan van Rensburg (058 863 8225 / 082 874 0188) om lewering behoeftes aan te dui en/of voorstelle te maak.

LEWERINGSOPDRAG

Buiten dat die voltooiing van 'n leweringsopdrag 'n wetlike vereiste is, het dit ook ten doel om sluikhandel/diefstal van graan te beperk en stel dit VKB Graandienste in staat om die produsent se graan volgens opdrag en kontrakverpligtinge te administreer. Géén vrag sal sonder hierdie getekende opdrag ontvang kan word nie.

DISPUTE

Indien u 'n dispuut wil aanmeld ten opsigte van die gradering van u produk, moet u dit doen terwyl die vrag nog binne die siloterrein is. Meld u dispuut aan by die silobestuurder en indien die dispuut nie besleg kan word nie, skakel onverwyld vir Johan van Rensburg, wat die vrag weer sal laat evalueer.



TABEL 4: KONTAKBESONDERHEDE

VRYSTAAT

Graanverkryger	Kontaknommer	Graanverkryger	Kontaknommer
Giepie Craffert	058 863 8376 082 450 6795	Frits Smith	058 863 8843 060 966 1332
Hermann Verwey	058 863 8380 071 688 1900	Carla van Rooyen	058 863 8844 072 507 3119
Frik Meintjes	058 863 8507 082 587 5663	Nadia van Tonder	058 863 8182 072 915 5862
Kevin de Villiers	087 358 8280 082 464 2252	Eddie Jackson	058 863 8844 079 334 4972

LIMPOPO

Graanverkryger	Kontaknommer	Graanverkryger	Kontaknommer
Gerhard Craffert	014 719 9082 083 272 8803	Johan Reinecke	014 719 9211 082 381 3203

Indien u verkies om met 'n spesifieke bemarker te skakel, is u welkom om dit te doen. U is ook welkom om 'n afspraak met die graanbemarkers te maak vir 'n persoonlike konsultasie en bemarkingsbeplanning. Ons stel dit ten doel om die beste diens te lewer en 'n mededingende prys vir die spesifieke tydstop daar te stel. VKB beskik oor 'n aantal bemarkingsprodukte wat u in staat sal stel om u graan teen die risiko van markskommelings en negatiewe prysbewegings te verskans.

Graag stel ons die 3 nuwe graandepots bekend:
Reinet, Sonop en Kingston.

VKB wil u aandag daarop vestig dat enige lewerings by hierdie punte slegs deur VKB bemark kan word.



STATUTÊRE HEFFING – SACTA



Ons besef dat die stroop en lewering van graan krities is en ons kan u verseker dat VKB ten alle tye u van hulp sal wees om die lewering en verkoop daarvan so effektief as moontlik te laat geskied. Ons wil u ook verseker van VKB se toewyding en verbintenis tot kwaliteit.

Voorts wil VKB u ook bedank vir u volgehoue ondersteuning. Ons het opregte waardering vir u besigheid en wil u verseker van VKB se volgehoue strewe na kliënt tevredenheid. Neem asseblief die vrymoedigheid om u silobestuurder te kontak indien u enige probleme ervaar.

U is welkom om mnr. Johan van Rensburg (Bestuurder: Graandienste), gedurende die leweringsperiode by 058 863 8225 / 082 874 0188 te skakel vir enige navrae.

Vriendelike groete,

Francois Froneman

BESTURENDE DIREKTEUR: GRAANDIENSTE & KORPORATIEWE DIENSTE

